

DIE SWART LUIPERD
No. 15
Die Songod Praat
braam le roux

Maar sy woorde huiwer nog in die lug toe gebeur dit.

Daar is eers 'n gerammel soos van swaar donderweer en dan kraak en skeur dit skielik donderend. Rook en stukke klippe, vuurrooi klippe, spuug op uit die krater. Dit vlieg die lug in. Dit lyk soos 'n vulkaniese uitbarsting. Die rook is dik en swart om die koppie. Dit styg op in die lug soos 'n donderwolk wat uit die aarde opkrul.

Rotse val op die tempel. Mense skree. Dit voel vir die Luiperdman of sy oordromme wil bars.



## INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Geroep uit die Bosse | 3 |
| 2. Beeld in die Water | 12 |
| 3. Die Uur het Geslaan | 22 |
| 4. Sabels in die Son | 32 |
| 5. Bloed in die Woud | 41 |
| 6. Dood in die Put | 50 |
| 7. Die Aarde Skeur | 59 |
| 8. Waansin van 'n Maniak | 68 |
| 9. 'n Mengsel van Bloed | 78 |
| 10. Die Songod Praat | 88 |


Hoofstuk 1

# GEROEP UIT DIE BOSSE

Die blare lê dik onder die groot bome. Dit ruik muf en klam. Die droë takke wat onder die bome lê kraak nie eens onder die ligte tred van die Luiperdman nie.

Deur die digte woud sluip hy stadig half teen 'n helling op. Sy ore is gespits. Telkens gaan staan hy stil om te luister. Daar is feitlik geen geluid in die woud vanoggend nie. Die son het so pas agter die hoë berge uitgekom en hier en daar loer 'n milde sonstraaltjie deur die blaredak. Die enigste geluide is dié wat baie veraf opklink—daar is die gekras van boskraaie en die bromgeluid van berghane, maar hier in die onmiddellike omgewing van die Swart Luiperd is daar net die sagte fluitgeluide van groen pappegaaie en die goudgeel wilde kanaries.

Die Luiperdman kom langs 'n groot boom tot stilstand. Hy kyk op in die digte sterk takke; hy betas die lang bobbejaantou wat uit die hoogtes afhang aarde toe. Hy leun half teen die stam aan—dit is klam, soos die grond, en hier en daar groei die groen mos tussen die los bas.

Leon Fouché het hom verbeel dat hy 'n geroep gehoor het—die geroep van 'n mens hier in die bosse. Maar hy het nou reeds besluit dat sy ore hom parte gespeel het. Die kreet wat hy so effe gehoor het, was dalk die geroep van die ape wat hier aan die hange van die Berge van die Son volop is. Hul skreegeluide is byna menslik. Maar dit het kompleet geklink soos iemand wat om hulp roep.

Binne enkele minute het die Luiperdman die geroep van netnou vergeet. Elke oggend wandel hy hier teen die berghang op om te dink en te mymer. Hy was vanoggend nog voor die son op en soos al die ander oggende het hy hier teen die berg tussen die bome opgestap. Sy tiers is nie vanoggend by hom nie. En Donker is nog in die stal waar hy deesdae staan en

vet word.

Die Luiperdman is nog diep in gedagtes versonke toe hy ineens die gebrul van 'n tier hier vlak naby hom hoor. Die gebrul is so hard dat die Luiperdman vinnig omswaai. Hy het verwag dat die roofdier sommer hier kort agter hom tussen die ruigtes te voorskyn sou storm.

Al die spiere in die Luiperdman is gespanne. Hy is oorgehaal vir aksie as dit nodig is. Daardie katagtige gegrom-brul van die tier klink so 'n paar honderd tree hoër teen die berghang op. Die Swart Luiperd het 'n oor vir die geluide van die natuur. Hy wis onmiddellik dat daardie gebrul nie afkomstig is van 'n honger dier nie. Daardie tier praat ook nie die taal van 'n dier wat pyn verduur nie. Nee, daardie tier het met daardie een harde kortaf gebrul te kenne gegee dat hy sy humeur verloor het—dit is woede wat tot uiting gekom het.

Die Luiperdman staan lank in luisterende houding. Die gebrul kom weer tot sy ore maar hierdie keer is dit nie so hard nie. Die ergernis is weer duidelik in daardie brulstem van die roofdier.

In 'n oogwink is die Luiperdman se skerp jagmes uit sy leerskede en vinnig sluip hy tussen die bome deur. Hy moet laag buk en die takke voor hom wegdruk. Stil beweeg hy, maar vinnig. Die bome is egter dig en struikgewas verspér telkens sy pad.

Die gegrom van die tier is nou minder luid, maar die ergernis word steeds deur die kortaf gromgeluide verraai. Dit gaan vir die Luiperdman ook asof die gedierte besig is om te hardloop of met iets te veg.

Die bosse word nou so dig dat die Luiperdman nie vinnig kan vorder nie. Oral word sy pad ook verspér deur stukke rotse en bome wat omgevel is.

Die Luiperdman steek weer vas. Daar klink eensklaps 'n luide geroep in sy ore. Dit klink meer na 'n benoude gil as 'n



geroep. Dit is die stem van 'n meisie en daar is vrees in die stem. Daardie geroep kan seker baie ver gehoor word.

Een, twee, drie keer kom die stem na die Luiperdman deur die digte woud. Dit is dieselfde kreet wat die Luiperdman 'n paar minute gelede daar van die voet van die berg gehoor het.

Soos blits trek die Luiperdman hom in 'n boom op. Hy het 'n stewige stuk bobbejaantou vasgegryp en hys homself vinnig tussen die takke in. Sy arms skiet vinnig vorentoe en vang die tou sekuur en raak bokant sy kop. Die blare ritsel en raas toe hy hom tussen die takke optrek.

Hy los die bobbejaantou vinnig toe hy met sy twee voete op 'n skuinsstaande tak te lande kom. Hy kyk nou tussen die blare deur maar kan nie vér voor hom uitsien nie.

Die geroep het skielik opgehou maar die gegrom van die tier is nog steeds daar en dit klink nou baie naby.

Die Swart Luiperd maak hom klaar vir 'n lang sprong. Hy mik na die tak van 'n boom net langs hom. Die Swart Luiperd is so tuis soos 'n bobbejaan in die bome. Hy spring deur die lug. Die takke raas soos sy liggaam daardeur skuur. Netjies kom hy op die tak van die aangrensende boom te lande. Hy aarsel nie lank op daardie tak nie maar gooi sy liggaam weer vorentoe, vang die bobbejaantou ongeveer ses tree voor hom met albei sy hande vas. 'n Oomblik lank swaai hy heen en weer tussen hemel en aarde. Die takke en blare kom as gevolg van die swaaibewegings in beroering asof 'n rukwind op die plek ontstaan het. Toe hy taamlik hoog swaai, los hy die bobbejaantou en skiet soos 'n akrobaat deur die lug om 'n oomblik later tussen die takke van 'n ander boom te lande te kom.

Nou beweeg hy sneller van boom tot boom van tak tot tak. Agter hom en voor hom roer die takke steeds asof daar 'n dwarrelwind deursnel.

Skielik hoor die Luiperdman weer die gegil van 'n meisie. Die stem is vol doodsangs en dit klink sommer reg onderkant

die boom waarin die Swart Luiperd hom nou bevind.

Hy kyk vinnig na benede. Daar onder sien hy 'n beroering.

'n Groot gespikkelde luiperd is besig om na iets in 'n boom te spring. Die dier spring al hoër en hoër.

Die Swart Luiperd kyk stip deur die blare en dan vang sy oog 'n ander beweging. 'n Meisie met pikswart hare en 'n kort rokkie aan, is besig om alles in haar vermoë te doen om hoër in die boom te klim. Sy slaag egter nie daarin nie, want die stam waarteen sy moet opklim is baie glad. Sy sit ongemaklik op 'n takkie en dit lyk asof daardie swak boomtak enige tyd kan breek.

Daar is doodse vrees in die hele houding van die meisie en die Swart Luiperd sien die lang bloedskraap aan haar een been waar die tier haar al waarskynlik met sy naels beetgekry het.

Die tier het weer agteruit getree om nog 'n keer na die meisie te spring. Hierdie keer spring hy hoog en hy kry 'n stuk van haar kledingstuk beet en skeur dit van haar lyf af. Die wit bene van die meisie is nou feitlik heeltemal naak. 'n Bloedstollende gil het haar lippe verlaat toe die lang slagtande van die tier haar rok raak gehap het. In haar doodse vrees tuimel sy byna van die tak af en die Swart Luiperd sien dat haar naels al stukkend gebreek het soos sy benoud trag om buite die bereik van daardie bek te kom.

Die Swart Luiperd besef dat die dier daarin gaan slaag om die meisie van die tak af te ruk.

Die Luiperdman spring van die skuinsstaande tak af. Hy val feitlik sommer. Terwyl hy dit doen vang sy skerp ore 'n ander stem op. Dit is 'n stem wat waarsku, maar dit is sag--fluisterend.

Hy kom met 'n hik op 'n tak te lande wat nie baie hoog is nie. Hy is feitlik reg teenoor die meisie met die swart hare. Sy het reeds opgekyk en die Luiperdman gesien. Die vrees in



haar oë het skielik plek gemaak vir verbasing.

Uit die hoek van sy oog het die Swart Luiperd die beeldskone gelaat van die meisie gesien—die verbasing in haar groot bruin oë. Die Swart Luiperd se aandag was egter by die knewel van 'n luiperd. Die gespikkelde roofdier het nie weer gespring nie maar vinnig in 'n klomp struikgewas verdwyn, 'n oomblik later weer sy kop tussen die takke en blare uitgesteek en gegrom.

Opeens roep die meisie 'n waarskuwing uit.

,,Pasop vir die Toeareg. . . hy skuil hier. . . dit is hy wat die tier aanpor. . ."

Juis op daardie oomblik hoor die Luiperdman hoe die klammerige takke tussen die bome kraak. Sy vinnige blik vang die beweging van iets wits, iets wat agter die struike inspring. In 'n strepie sonlig vang sy oë ook die flits van 'n blink voorwerp.

Dan sien die meisie hoe die Luiperdman veerkragtig van die tak afspring. Hy kom rats op sy voete net onderkant haar te lande. Sy trek haar asem diep in toe sy die blitsige bewegings van sy regterhand sien. Die jagmes lê in die Luiperdman se handpalm. Hy verstewig sy greep om die hef en spring nader na die struike waaruit die groot kop van die luiperd loer.

Die Luiperd deins effens terug maar toe die Swart Luiperd hier by hom 'n byna grommende geluid maak, spring die gespikkelde dier uit die struike. Met wydoop bek storm hy op die Swart Luiperd af. Die Luiperdman wag die knewel in, sy linkerbeen 'n endjie voor hom uitgeplant, sy linkerarm effens voor hom, en sy regterhand met die mes laag teen sy heup.

Binne drie tree van die gemaskerde Leon af, spring die tier met 'n verwoede gegrom omhoog. Die meisie wat nog steeds angsbevange in die boom sit, aanskou dit alles. 'n Kreet van vrees verlaat haar lippe toe sy sien dat die tier op die gemaskerde afspring. Dit lyk vir haar asof daardie groot, kappende pote nou enige tyd oor die liggaam van die

Luiperdman gaan skeur.

Die Luiperdman is egter vars en op sy stukke. Hy is eintlik lus vir hierdie kragmeting.

Die meisie sien net 'n swart beweging. Die Swart Luiperd het vinnig regterkant toe gespring, en terselfdertyd het die lem van sy mes geblink in die kolle sonlig wat deur die blare val. Die mes word diep in die ribbes van die tier ingedryf. Met 'n swaar plof kom die liggaam van die luiperd op die grond te lande. Sy voorpote vou feitlik onder hom in en hy skuur met sy bek oor die blaarbedekte aarde.

Rats staan die Swart Luiperd die dier weer en inwag. Die luiperd het vinnig omgeswaai maar hy beweeg tog nie nou so vinnig soos 'n oomblik gelede nie. Uit sy regterribbes stroom die bloed vryelik. Die meisie kan haar oë byna nie glo nie. Daar staan die gemaskerde gestalte onder haar. Hy lyk afskrikwekkend met daardie luiperdgevreet van hom. Sy het hierdie Luiperdman vantevore al op 'n afstand gesien en bewonder maar dit is die eerste keer dat sy hom so van naby sien. Sy hoor selfs sy asemhaling. Tot die meisie se verdere verbasing storm die tier nie weer nie. Die gegrom is wat nou uit sy ingewande kom, is roggelend.

Die Swart Luiperd spring hom uitdagend tegemoet. Die tier kap na hom—staan terug en storm dan weer. Hierdie keer trek hy met 'n boog deur die lug. Toe die tier spring, tree die Luiperdman vinnig vorentoe en buk terselfdertyd laag. Soos 'n vrot vel trek die luiperd oor die Swart Luiperd se kop, kom weer lomp op vier swikkende pote neer.

Weer is dit die Luiperdman wat aanvallend optree. Nog voordat die roofdier hom reggedraai het, gryp die Swart Luiperd hom aan die stert en ruk dit geweldig; begin die verbouereerde dier dan in die rondte te swaai. So-iets het die meisie nog nie in haar dag des lewens aanskou nie. Sy sien hoedat die tier soos 'n woer-woer in die lug gedraai word en dan los die Swart Luiperd sy slagoffer. Andermaal trek die



tier deur die lug. Dit is 'n pynlike geluid wat die dier voortbring toe hy klappend teen 'n harde boomstam val.

Die dier beur op; brul bejammerend en val dan onder die boom neer.

Opeens kraak die takke soos iemand op die vlug slaan. Die Luiperdman buk laag en loer tussen die stamme deur. Hy het die vlugteling vir enkele sekondes gesien voordat hy in gebukkende houding tussen die bome verdwyn.

Die Luiperdman het nou sy bloedbevlekte jagmes gebêre. Rats spring hy agter die vlugtende aan. In die paar sekondes dat die Luiperdman daardie gestalte gesien het, was hy slegs bewus van 'n fladderende lang oorkleed, byna soos die lang sisrokke van die ou tannie wat hy in die Transvaal so goed ken. Verder het hy die lang reguit sabel in die vlugtende se regterhand gesien en die vlakkerige tulband om die hoof.

Vir 'n oomblik het die Luiperdman nie geweet met wie hy nou te doen het nie. Daar is net een gedagte by hom, hy moet daardie man in wit gewaad in die hande kry, breek of bars. Daardie geheimsinnige persoon het hierdie vrou in die boom gejaag. Dit is duidelik dat daardie tier onder sy aansporing probeer het om die arme meisie uit die boom te hap. Waarskynlik is dit 'n dierasie wat goed afgerig is en sy temmer soos 'n getroue slaaf dien.

Die Swart Luiperd spring rats oor 'n boomstam wat in sy pad lê en verdwyn tussen die bosse agter die onbekende man in sy wit toga aan. Leon skuur deur bosse; takke krap hom maar hy gaan met onverminderde vaart vorentoe. Hy hoor hoe die takke voor hom kraak en breek soos die persoon steeds hoër bergop vlug.

Die Luiperdman weet dat die bome vorentoe al skraler word. Daar is groot oop kolle tussen die woudreuse. Dit lyk ook vir hom asof die vlugteling een doel voor oë het: om daardie oop kolle te bereik en dan tussen die hoë rotse op die berg te verdwyn—in een van die baie klipskeure en grotte weg

te kruip.

Die berg word hier ook al steiler sodat die Luiperdman maar moeilik vorder. Hy raap hom weer op, spring oor 'n rots en terselfdertyd vang albei sy hande weer die bobbejaantou bokant sy kop vas. Vinnig beweeg sy arms soos hy al hoër teen die tou opklim. Hy is weer op 'n uitstaande tak van 'n woudreus en dadelik duik hy vorentoe, vang 'n tak van die aangrensende boom raak, swaai weer vorentoe, skiet met wringende liggaam deur die lug, gryp weer 'n tak, en val feitlik onmiddellik weer vorentoe. So kloof hy deur die blare en bome van die woudreuse. Hy vorder tweekeer so snel in die bome as op die grond. Die takke, blare en toppe van die bome swaai en kraak asof 'n reuse aap daarin baljaar.

Die Luiperdman is op 'n tak van 'n boom met 'n geel stam. Onmiddellik merk hy dat hy boomsgewyse tot aan die kant van die woud gevorder het. Hy tuur oor 'n oop kol. Voor hom verrys magtige kranse, met klipskeure hier en daar. Yslike rankplante hang bo van die steiltes af en 'n paar groot, rooi bobbejane vlug luidkeels teen die kranse op en verdwyn uit die gesig.

Vlugtig kyk die Swart Luiperd in alle rigtings. Daar is geen teken van die persoon met sy wit drag nie.

Skielik hoor die Luiperdman die takke feitlik reg onderkant hom kraak en dan breek die vlugteling deur die struikgewas. Hy hardloop teen die opdraand op, reg op die steil rotse af.

Dit is duidelik vir Leon dat hy nog nie bewus daarvan is dat hy, die Swart Luiperd, hom verbygesteek het nie. Hy moes daardie geraas bokant hom tussen die boomtakke gehoor het maar het waarskynlik aangeneem dat dit ape en bobbejane is wat voor hom uitvlug.

In die oop kol kan die Luiperdman hom nou duidelik sien. Die lang wit gewaad hang tot aan sy enkels. Die persoon het oop sandale aan en 'n kleinerige tulband om die hoof. Hy is besonder soel van vel, byna so bruin soos die basters wat die



Luiperdman in die Transvaal ken. Die man steun soos hy teen die opdraande uitbeur. Hy is amper by die steiltes, toe die Swart Luiperd stilweg van die tak afswaai. Hy kom ligvoets op die grond tussen die klippe te lande. Toe hy grond vat is sy jagmes in sy regterhand.

Vinnig hardloop die Swart Luiperd teen die opdraand op. Hy haal die man in sy wit oorkleedsel vinnig in.

Die persoon moes sy asemhaling hier vlak agter hom gehoor het. Die bruin gesig kyk die volgende oomblik vas in die maskergesig van die Luiperdman. Leon sien hoe die gitswart oë wyd rek van verbasing. Die man swaai om; sy sabel blits in die skerp sonlig. Die Luiperdman sien hoe hy op sy tande kners en met 'n kreet die sabel in 'n boog voor hom swaai.

Die Swart Luiperd deins egter nie terug nie. Die bruin vlugteling sien die skerp jagmes in die gemaskerde se hande en vir 'n oomblik voel hy huiwerig om 'n geveg aan te knoop. Hierdie gemaskerde wese storm met selfvertroue en sekerheid op hom af—en hy is slegs met 'n mes gewapen. Die vasberadenheid en onverskrokke houding van die Luiperdman laat 'n koue vrees in hom opklim.

Wild swaai hy sy sabel voor hom uit en los 'n primitiewe kreet.

Die Luiperdman is tien tree van hom af.

Die bruin gestalte met die sabel wag hom in, tandeknersend. Dit lyk vir hom asof die Luiperdman van plan is om reg in hom vas te hardloop. Hy maak hom gereed om na die Swart Luiperd se kop met sy sabel te kap. Nou-nou sal hy kan kap. Hy kan onmoontlik nie mis nie.

Maar skielik swiep iets deur die lug—'n blink voorwerp. Dit kom soos 'n flitsende weerlig na die bruin gestalte se hart aangeskiet. . .